HOOFSTUK 9: VOLWASSENES

1. INLEIDING

1.1 **V**olwasse lede in *Die Voortrekkers* is Staatmakers, Offisiere, Heemraadslede en **V**oortrekkervriende soos in Hoofstuk drie (3) van die Reglemente omskryf.

1.2 Volwasse lede kan ook aan meer as een volwasse groepering behoort.

1.3 Volwasse lede deurloop opleiding in *Die Voortrekkers* en stel hulself beskikbaar om aan *Die Voortrekkers* diens te lewer.

2. STAATMAKERS

2.1 Staatmakers volg 'n werksprogram wat uniek is en voldoen aan die behoeftes van die jong volwasse Afrikaner met die grondslag, wese en doelstellings van *Die Voortrekkers* as vertrekpunt.

2.2 Staatmakers konsentreer grootliks op persoonlike opleiding deur middel van die Jongleiers Ontwikkelingsprogram, persoonlike verryking asook ander kursusse wat deur *Die Voortrekkers* aangebied word ten einde in die kernwaardes van *Die Voortrekkers* gevestig te word.

2.3 Staatmakers ondersteun en lewer diens aan *Die Voortrekkers* in Voortrekkerkommandos, Oord-, Gebied- en Nasionale vlak met die organisering en aanbieding van voortrekkeraktiwiteite.

2.4 Staatmakers kan ook van tyd tot tyd self spesiale projekte loods wat die groep of *Die Voortrekkers* se goeie naam bevorder.

2.5 Staatmakers registreer in die naasliggende Voortrekkerkommando en indien meer as vyf (5) Staatmakers betrokke, kan ’n Staatmakergroep gevorm word soos in Hoofstuk negentien (19) van Reglemente omskryf.

3. OFFISIERE

3.1 Volwasse persone stel hulself beskikbaar om as spanoffisiere of offisiere sonder spanne te dien en/of as ’n bestuurslid te dien as hy/sy daartoe verkies word.

3.2 Na aanvaarding van lidmaatskap en/of verkiesing as bestuurslid van ’n Voortrekkerkommando of ander organisasiestruktuur in *Die Voortrekkers*, word die volwasse lid as offisier geregistreer.

3.3 Die offisier deurloop dan opleiding ten einde hom/haar vir sy/haar spesifieke taak op te lei.

3.4 Al die offisiere en die kommandodagbestuurslede dien op die Kommandobestuur.

4. HEEMRAADSLEDE

4.1 Ouers van jeuglede stel hulself beskikbaar om by ’n jaarvergadering aangewys te word as Heemraadslede vir die betrokke Voortrekkerkommando.

4.2 Heemraadslede word na aanwysing as sodanig geregistreer en dien op die Kommandobestuur.

4.3 Heemraadslede kan al die opleiding wat *Die Voortrekkers* aanbied deurloop en behulpsaam wees met aanbied van Voortrekkeraktwiteite.

4.4 Die Heemraadslede ondersteun die betrokke Voortrekkerkommando met aktiwiteite soos deur die betrokke Kommandobestuur bepaal.

5. VOORTREKKERVRIEND

5.1 Volwasse persone kan as Voortrekkervriend gewerf word, of hulself beskikbaar stel.

5.2 Na aanvaarding van lidmaatskap word die volwasse lid as sodanig geregistreer maar dien nie op enige bestuur, tensy hy daartoe verkies word nie.

5.3 Voortrekkervriende kan al die opleiding wat *Die Voortrekkers* aanbied deurloop en behulpsaam wees met aanbied van Voortrekkeraktwiteite.

5.4 Voortrekkervriende stel ook hulpmiddels en ander dienste aan *Die Voortrekkers* beskikbaar wat benodig word om Voortrekkerwerk suksesvol aan te bied.

6. OPLEIDINGSRAAMWERK

6.1 Hierdie Reglement omskryf verder die raamwerk waarbinne volwasse opleiding geskied en word saam met die *Prospektus vir volwasse opleiding* gebruik om opleiding te struktureer.

6.2 Nie-Voortrekkers kan ook kursusse van *Die Voortrekkers* deurloop en die nodige erkenning, soos van toepassing, ontvang.

6.3 Die bestuursliggaam wat 'n kursus aanbied bepaal wie almal die kursus mag deurloop aan die hand van die kursusvereistes.

6.4 Die opleiding van volwasse lede van *Die Voortrekkers* kan informeel of formeel van aard wees.

7. INFORMELE OPLEIDING

7.1 Mentorskap

7.1.1 Senior, ervare, kundige Voortrekkers moet 'n mentorskaprol vervul teenoor nuwe, onervare Voortrekkers.

7.1.2 Die Kommandodagbestuur moet toesien dat nuwe spanoffisiere bygestaan word in die hantering van hulle spanne. Dit kan 'n ander spanoffisier, 'n veldkornet of Adjunkkommandoleier (AKL) wees of enige persoon by wie die spanoffisier aanklank vind.

7.1.3 Die Staatmakergroepdagbestuur moet toesien dat Staatmakers leiding ontvang in persoonlike verryking en beplanning van algemene dienswerk in *Die Voortrekkers*

7.1.4 Die Oorddagbestuur moet toesien dat nuwe kommandoleiers/kommandodagbesture bygestaan word in die bestuur van die betrokke kommando.

7.1.5 Die Gebiedsdagbestuur moet toesien dat nuwe oordleiers/oorddagbesture bygestaan word in die bestuur van die betrokke oord.

7.1.6 Hoofdagbestuur moet toesien dat nuwe gebiedsleiers/gebiedsdagbesture bygestaan word in die bestuuur van die betrokke gebied.

7.2 Informele opleidingsgeleenthede

7.2.1 Informele opleidingsgeleenthede oor aspekte van Voortrekkerwees word van tyd tot tyd deur die onderskeie bestuursliggame gereël waarna Volwasse lede, soos bepaal, genooi word.

7.2.2 Tydens sodanige geleenthede kan 'n informele verrykingskursus, modules van erkende kursusse, spanbou-aktiwiteite, SAS-opleiding, ensovoorts aangebied word.

7.2.3 Wanneer die kursus of aktiwiteit voltooi is, kan 'n bywoningsertifkaat uitgereik word.

8. FORMELE OPLEIDING

8.1 Indeling van kursusse

Formele kursusse word in drie (3) kategorieë ingedeel naamlik Verrykings-, Akkreditasie- en Toerustingskursusse (VAT-model). Al die kursusse bevat gedefinieerde doelwitte en leeruitkomstes.

Toerustingskursusse is die basiese kursusse wat elke volwasse lid van Die Voortrekkers moet deurloop. Daar is vier (4) toerustingskursusse naamlik die Intreekursus (alle Voortrekkers), Spanhantering (spanoffisiere), Voortrekkerbestuur (alle bestuurslede) en Gemeenskapsleierskursus (kommando- en oordleiers, AKL Bemarking of enige persoon wat Voortrekkers in die gemeenskap wil posisioneer).
Akkreditasiekursusse is kursusse wat geakrediteer is by die betrokke SETA. Na voltooiing van die kursus en opdragte word die kursusganger geassesseer. Indien die kursusganger aan die vereistes voldoen, ontvang hy/sy 'n kredietdraende sertifikaat wat ook buite die Voortrekkerbeweging erken word. Voorbeelde is Avontuurfasilitering en die Jongleiers Ontwikkelingsprogram vir Staatmakers.
Verrykingskursusse is alle informele kursusse wat nie in die kategorieë Toerustings- en Akkreditasie voorkom nie.

8.2 Voortrekkerloopbaan

8.2.1 Alle ingeskrewe volwasse lede moet met die Intreekursus begin. Die Intreekursus kan ook vir belangstellende nie-Voortrekkers aangebied word.

8.2.2 Na voltooiing van die Intreekursus kan ’n volwasse lid met die Spanhanteringskursus óf die Voortrekkerbestuurskursus óf die Gemeenskapleierskapkursus of enige formele of informele kursus voortgaan.

8.2.3 Om aangestel te word as kursusaanbieder van formele kursusse moet die volgende proses gevolg word:

a) 'n Voornemende kursusaanbieder moet aan die toelatingsvereistes voldoen naamlik:
   i. Vyf (5) jaar diens as volwasse lid in *Die Voortrekkers*.
   ii. Moet voldoende ervaring in die kursusveld hê.
   iii. Moes die Aanbiedingsvaardighedekursus deurloop het en minstens een van die volgende kursusse deurloop het: Spanhantering, Voortrekkerbestuur en/of Gemeenskapsleierskursus.
b) 'n Voornemende kursusaanbieder doen aansoek om as kursusaanbieder aangestel te word op vorm K6 en dien dit by Adjunk gebiedsleier (AGL) Volwasse Sake in.
c) Gebiedskomitee (GK) Volwasse Sake oorweeg aansoek en ken ‘n mentor (ervare kursusaanbieder) toe indien die aansoek suksesvol is.
d) ‘n Aantal opleidingsessies vir volwassenes word saam met die mentor aangebied. Oorweeg ook kursusgangers se evaluerings / vra terugvoer na die sessie. Mentor in samewerking met Adjunk gebiedsleier (AGL) Volwasse sake kan besluit hoeveel mentorskapsessies aangebied moet word.
e) Mentor beveel aanstelling as kursusaanbieder aan na Gebiedskomitee (GK) Volwasse Sake deur middel van die K7 vorm.
f) Wanneer die Gebiedskomitee (GK) Volwasse Sake tevrede is met die kwaliteit van die voornemende kursusaanbieder, word ‘n aanbeveling aan die Gebiedsdagbestuur (GDB) gemaak. Die Gebiedsdagbestuur (GDB) oorweeg die aansoek en keur dit goed of af.
g) Die Gebiedsdagbestuur (GDB) stel die Nasionale Komitee (NK) Volwasse Sake in kennis wat die aanstellingsertifikaat uitreik.
h) In uitsonderlike gevalle kan motiverings om persone as kursusaanbieders aan te stel aan die Nasionale Komitee (NK) Volwasse Sake voorgelê word sonder dat die persoon aan al die vereistes soos hierbo uiteengesit, voldoen.

8.3 Aanbieding

8.3.1 Die Intreekursus is ’n kort kursus en kan ook onder leiding van die kommandodagbestuur (KDB) in die kommando aangebied word met die kursusmateriaal wat beskikbaar is. Die kommandodagbestuur (KDB) is verantwoordelik daarvoor dat elke nuwe Volwasse lid so gou moontlik die Intreekursus deurloop.

8.3.2 Volwasse lede woon ander kursusse by wat volgens die voorgeskrewe riglyne aangebied word.

8.3.3 Evaluering, hersiening, ontwikkeling en tydsduur van aanbieding van kursusse vind deurlopend onder leiding van kursusaanbieders plaas. Nasionale Komitee (NK) Volwasse Sake gaan alle wysigings na voor goedkeuring.

8.3.4 Elke kursusaanbieder is ten volle verantwoordelik vir ’n betrokke kursus se aanbieding en moet toesien dat hy/sy te alle tye oor al die nuutste aanbiedingsmateriaal beskik.

8.3.5 Wanneer meer as een kursusaanbieder ’n kursus aanbied word een van die aanbieders as kursusleier aangewys deur die betrokke bestuursliggaam wat die kursus organiseer.

8.4 Erkenning

8.4.1 Die kursusaanbieder van ’n bepaalde kursus bevestig aan die betrokke Gebiedskantoor of kursusgangers al die doelwitte en uitkomstes voldoende afgehandel en bereik het.

8.4.2 Erkenning dat ’n kursusganger ’n bepaalde Toerustingskursus (Intree, Spanhantering, Voortrekkerbestuur en Gemeenskapsleiers) suksesvol deurloop het, bestaan uit die opleidingsertifikaat en ook ’n volwasse opleidingskenteken soos in hoofstuk ses (6) en

twintig (26) van die Reglement, beskryf word.

8.4.3 Elke kursusganger ontvang ’n opleidingsertifikaat van die betrokke gebiedskantoor nadat ’n kursus suksesvol deurloop is.

8.4.4 Die Kursusaanbieders-sertifikaat word na benoeming as kursusaanbieder deur Nasionale Komitee (NK) Volwasse Sake uitgereik. Die kursusaanbieder ontvang ook ‘n silwer opleidingskenteken.